



“Goddelike Oplossings in jou Storm!”

Handelinge 27 & 28

Dit was die tema van Francois se boodskap wat hy van die Here ontvang het vir die laaste bikers church diens vir 2009 op Sondag, 13 Desember. Ons sien soveel mense in storms elke dag en soms moet ek en jy ook die storms van die lewe trotseer. Ja, selfs kinders van God gaan deur storms en nie een van ons is gevrywaar nie. Ons moet egter leer om die seisoene van ons lewens reg te lees en as God sê anker, moet

ons anker en nie ongehoorsaam wees en besluit om net nog 'n bietjie verder te vaar nie. Dalk wil jy uit desperaatheid van jou skip af spring terwyl God gesê het: “BLY OP DIE SKIP! Verkeerde besluite in jou storm kan jou 'n baie duur prys kos en veroorsaak dat jy saam met jou skip vergaan...

Daar is 5 oplossings wat Paulus ons gee in Hand 27 en indien jy graag hierdie hele lering wil hê, kontak ons gerus of gaan na ons website www.crossroad-ministries.co.za. Klik op **TEACHINGS** en volg net die instruksies. Jy kan dit op jou eie lewenspad toepas of gebruik om iemand wat tans in 'n storms is, te help om fokus te behou, die regte besluite te neem en in die geloof op die REGTE TYD te spring as God sê: “Spring!”

2009 ...die jaar van geboorte!

KRUISPAD KONINGS: Ons dank die Here vir elke KONING wat Hy opgerig het in 2009. Deur julle gehoorsaamheid is ons bediening gefinansier en ons op die pad gehou. Daar het GROOOOT dinge gebeur en baie mense se lewens is onheroeplik verander deur die ingryping van God se Hand. Ons kyk terug op 'n vrugtevolle jaar waarin soveel siele uit die mag van die dood geruk is en nou met sekerheid kan sê dat hulle die ewige lewe het en elke belofte van God in besit geneem het! Ons het ook getuienisse van God se bonatuurlike voorsiening in ons lewe en bediening.



- Ons kon hierdie jaar ons klanktoerusting opgradeer wat onlosmakende deel is van ons bediening uitmaak. Dit was etlike duisende rande wat die Here deur konings voorsien het. Ons sê DANKIE!!
- Ons Isuzu se enjin het skade opgedoen wat ongeveer R30000 beloop het. Hier het die Here weereens vir ons bonatuurlik voorsien en ons is alweer op die pad. Ons vertrou steeds die Here vir die bus in 2010!
- Ons kon op soveel plekke gaan bedien waar daar geen finansies beskikbaar was nie en ons kon GEE sonder om een oomblik bekommerd te wees oor ons eie uitgawes! Met ons vrouekampe vanjaar het die Here deur konings voorsien dat ons letterlik 100de vroue kon borg wat 'n brandende begeerte gehad het om so 'n kamp te kon bywoon, maar geen finansies gehad het nie.
- Ten spyte van die resessie in Suid-Afrika, het ons nie een dag tekort gehad nie. Die Here het voorsien in ELKE BEHOEFTE! Ons Kruispad kantoor se uitgawes is elke maand gedek en ons kon ons werk in EXCELLENCE doen!

- Ons as gesin is versorg en ons dank die Here ook vir ons eie behoeftes wat Hy kom vul elke dag. Ons vertrou Hom ook dat ons vanaf 2-10 Januarie vir 'n paar dae kan gaan rus en dat die Here ook hierin vir ons die pad gelyk sal maak voor ons 2010 aanpak!
- Deur Jou saad, het God saad in ons hande geplaas wat ons kon saai en ons sien ook die oes op hierdie saad in ons lewens! **YOU CAN NEVER OUTGIVE GOD!**

INTERSESSORS: Ons het toegewyde mense wat vir ons as gesin en Kruispad Boodskap feitlik dag en nag intree. Hulle voer geestelike gevegte vir ons, maak die pad vir ons gelyk deur hul gebede en hou ons rug toe teen elke aanval van die vyand! Vir hulle sê ons opreg dankie! Julle besef nie hoe groot die oorwinnings was nie, maar julle is deel daarvan!

Klein Francois wat nou vir amper 2 jaar op baie sterk medikasie is, se medikasie is nou vir die eerste keer verminder! Dit is 'n geloofspad met progressiewe genesing op 'n dag tot dag basis, maar ons sien hoe hierdie seun van ons voor ons oë verander in 'n jong Dawid... 'n man na die hart van God! Hierdie is 'n pad van gebed wat ons nie alleen hoef te loop nie. Dankie vir elkeen wat saam met ons hierdie pad stap..

KRUISPAD BETREE ONBEKENDE WATERS: Die Here het ons grondgebied vergroot in 2009 en ons het geboorte gegee aan 'n nuwe bediening onder die biker gemeenskap van die Noord-Wes. Die oes is groot en ons sien hoe die Here besig is om ons ELKE DAG toe te rus vir hierdie taak. Ons is totaal uit ons gemaksone geruk! Hierdie is nie bloot 'n bediening nie, hier lees mense ons nie SOOS die Bybel nie, maar AS die Bybel. Ons het egter 'n oneiendige groot liefde vir hulle ontwikkel en bereik deur hierdie kosbare biker vriende weer soveel ander mense wat Jesus wil sien en beleef. Ons wil graag in 2010 drie toerustingkampe aanbied wat hulle kan toerus om 'n verskil te maak in Suid-Afrika se biker gemeenskap (meer as 1000 klubs in SA!). Dit is 'n baie moeilike en soms uiters gevaarlike veld om in te beweeg, maar ons glo dat die Here ons kan gebruik om dissipels van die bikers te maak wat bereid is om te gaan waar dit vir ons nie moontlik mag wees nie. Hulle is vasberade mense met groot deursettingsvermoë wat ten bloede sal staan vir dit waarin hulle glo! Die Evangelie van Jesus Christus sal beslis duidelik verkondig word waar hulle inbeweeg! We will **RUN WITH FIRE!**



WEBSITE: www.crossroad-ministries.co.za

Ons is uit ons nate uit geseën hierdie jaar met ons eie selfgedrewe website! René het 'n uitstekende program aangekoop om self ons website te bestuur en ons het sedert die launch in Januarie reeds 350 000 hits op ons site gehad! Die Here gebruik hierdie tegnologie tot groot voordeel van die Koninkryk en ons het al sovele mense gekry wat hul harte vir Jesus gegee het net nadat hulle ons website besoek het. Dit word weereens moontlik gemaak deur ons KONINGS se finansies!

Ons is nog besig om 'n toegewyde blad te skep vir ons besigheidsmense en vriende in bedieninge wat hulself graag sal wil LINK aan met ons site of wil adverteer op ons site. Skakel ons asb indien u belangstel. Ons het dit nog nie amptelik gelaunch nie omrede ons nog nie voldoende terugvoering van u af ontvang het nie. Kontak ons asb vir meer inligting!



Toyrun na Orkney Vaal Plakkerskamp

Vrydag 18 Desember het Wild & Free MCC sowel as Smitty en Charlotte van CMA Klerksdorp 'n vroeë Kersfees gebring aan kindertjies wat in groot armoede bly saam met hul ouers in Orkney Vaal. Vrolike laggies kon gehoor word in hierdie gedeelte van die oord wat letterlik in 'n blanke plakkerskamp verander het.

Ons het vandag met Mariska Freitag van Wild & Free gesels en sy wil graag 'n "Blanket Run" hou voor die winter van 2010 vir hierdie mense. Kom ons begin sommer nou al dink aan moontlike planne om komberse

in te sames!

Onthou ook dat **Wild & Free op 24 Desember by Justus Otto Huis vir Bejaardes**, die tannies en omies gaan vermaak en bederf vir die dag. Hulle gaan ook vir nog 'n paar kindertjies geskenkies uitdeel en ons eie klein **Evg Pedro** sal die geleentheid ook bywoon! Francois sal ook 'n kort **kersboodskap** bring om ons heen te wys na ons Messias, Jesus die Christus wat die wêreld se grootste geskenk was uit God se Hand! **Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad dat elkeen wat in Hom (Jesus) glo, nie verlore sal gaan nie, maar die EWIGE LEWE mag hê. Amen!**





KERSFEES IN CORONATION PARK 20 DES'09

Hierdie is een van die sowat 72 wit plakkerskampe in ons land en ons het die voorreg gehad om Sondag saam met Piet & Bernadette Herbst, presidentspaar van die Untouchables asook van ons ander bike klubs hierdie plakkerskamp in Krugerdorp te besoek. Piet het gevra dat elke kind in hierdie kamp 'n "wish-list" vir Kersfees moes stuur en daar is vir elke kind 'n geskenkpakkie of drie uitgedeel! Dit was weereens vir ons hartseer om te aanskou hoe armoede sy tol eis in ons land agv soveel faktore wat onder andere

magstryd en hebsug insluit.

Ons haal ons hoed af vir Irene (Jimmy Abbot se suster) en Hugo wat hierdie mense (230) versorg op 'n daaglikse basis. Hulle bly permanent in die kamp en Irene kook op grootskaal vir die bewoners etes wat kom uit donasies. Hulle kry geen vergoeding vir dit wat hulle doen nie en dis 'n saak van naaste liefde vir hierdie twee mense wat ook al in hul diep middeljare is. As gevolg van die armoede, het daar ook morele verval gekom. Sommige van die mense is verslaafdes en daarom moet daar uiterse streng kontrole oor die uitdeel van lewensmiddele uitgeoefen word. Hugo en Irene doen 'n uitstekende werk ten spyte van verskeie negatiewe uitlatings in die media. Die bronne is gewoonlik maar van die inwoners wat nie onder hierdie dissipline stelsel wou staan nie en dan negatiewe inligting deurgegee het na die media toe.



As iemand dalk 'n baba stootkarretjie het, kontak ons asb. Daar is tans 'n mamma met 'n 3 weke oue babadogtertjie wat graag 'n karretjie soek.

Daar is meer fotos op ons website onder NWBC - OUTREACHES blad! Dankie vir elkeen wat gegee het. Dit was verseker die moeite werd en Jesus het geglimlag...

AANDAG ALLE NWBA KLUBS! AS PASTOORSPAAR VAN DIE NWBC, WIL ONS UIT ONS HARTE VIR ONS NW KLUBS BEDANK WAT HIERDIE AFGELOPE TYD SOVEEL TYD EN MOEITE INGESIT HET OM UIT TE REIK NA TALLE MINDERBEVOORREGTE MENSE EN VERAL KINDERTJIES. ONS HARTE JUIG, WANT DIT VERBLY GOD SE HART AS ONS 'N HART HET VIR ONS NAASTE WAT IN NOOD VERKEER! HIER IS 'N GROOT BELOFTE DIREK UIT GOD SE MOND....

Deuternomium 15:10 *Gee vryelik aan jou broer wat arm is, en moenie sleg voel omdat jy vir hom gegee het nie, want juis omdat jy vir hom gee, sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy doen en aanpak.*

DIT WORD TYD OM 2009 TE GROET....

Ons bedien nog **Sondag 27 Desember by AGS Dinamika in Vanderbijlpark** vir die wat graag vir ons daar wil kom hallo sê voordat 2009 sy ogies toemaak...



Dan wil ons DV

Oujaarsnag @ 23h00

'n opelugdiens hou in Klerksdorp. Ons besig om te reël by Flamwood Walk. Ons gaan lekker sing en musiek maak tot afteltyd! Dan gaan ons 2010 in met 'n loflied! Almal is welkom en ons vra dat die woord versprei word in hierdie omgewing. Dit gaan groot feesviering wees van so 22h00 af. Ons is so dankbaar om met Jesus Christus hierdie jaar uit te gaan en die nuwe jaar te begroet met **GELOOF**, **HOOP** en **LIEFDE!!!**



Ons wil vir klein **Kayden Carlyle** verwelkom in ons midde!


Hy is op 14 Desember gebore na 'n laaaang wag! René het so gehoop hy gaan op haar verjaarsdag die 11de gebore word, maar nee! Hy het sy mamma baie swaar laat kry, maar alles is nou verby en dit gaan goed met hulle. Hy was 3.185kg met geboorte en vir sy ouma Charlotte en oupa Smitty is hy pragtig!

Baie geluk ook aan Riana & Warren! Ons weet sommer dat klein Kayden 'n baie gelukkige babatjie is en dat Jesus julle twee gekies het om verantwoordelikheid te vat van sy lewetjie. Baie sterkte vir die pajama drill hierdie Kerstyd!

NWBC Liefde! Ps Francois & René

Liefste Familie in Christus!

Hierdie was amptelik ons finale nuusbrief vir 2009 en ons harte sing: "Hoe groot is ons God!" Mag die Heilige Gees se krag en sterkte u lei in hierdie laaste paar dae van 2009 om 2010 in te gaan met 'n vaste vertrouwe in die dinge wat ons nie kan sien nie, om te roep die dinge wat nie bestaan nie asof dit is en om te lewe in die guns, oorfloed en liefde van onse Here Jesus Christus, die Voleinder van ons lewens!



Ons is lief vir elkeen van julle en seën julle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees!

Shalom!

Francois, René & Kinders

CROSSROAD GOSPEL MESSAGE
FIRST NATIONAL BANK – 230102
CHEQUE A/C: 62016730865